

Saterdag 10 Augustus

Skrifgedeelte: Lukas 6:43-49	Fokusgedeelte: Lukas 6:44, 48-49
-------------------------------------	---

Die vrug van geloof is om Jesus te volg

In Afrikaans is daar 'n spreekwoord: “Moenie die kar voor die perde span nie”, bedoelende moenie die volgorde van gebeure verdraai nie. Dit gebeur dikwels in ons geloofslawe dat die kar voor die perde gespan word. Dan loop dit uit op 'n moralistiese verdienstegodsdiens. Jy moet sorg dat jy 'n goeie mens is sodat jy vir God aanneemlik kan wees.

Ons teks verduidelik dat dit nie jou goeie werke is wat jou vir God aanvaarbaar maak nie. 'n Boom wat sleg is, kan nie goeie vrugte dra nie. Dit help nie om vir die boom wat sleg is te sê “Sorg dat jy goeie vrugte dra sodat jy 'n goeie boom word nie”. Om goeie vrugte te dra, moet die boom goed wees.

Die probleem is dat ons sondige menslike natuur van ons “slegte bome” maak. Hoe word die slegte bome goed gemaak? Dit is jou geloof in die evangelie dat Jesus vir jou sondes aan 'n vervloekte kruishout gesterf en dat hy vir jou met sy opstanding lewe gegee het wat van jou 'n goeie boom maak en dan sal jy nie anders kan as om goeie vrugte te dra nie.

Die beeld van die huis wat op sand gebou is en dan 'n puinhoop word, en die huis wat op 'n rots gebou is en bly staan, verduidelik hierdie beginsel op 'n ander manier. As jy jou huis, dit wil sê jou lewenswandel, op die rots van jou geloof in die evangelie bou, sal jy staande bly, maar as jy op die sand van jou eie verdienste bou, sal jou lewe 'n puinhoop word.

Glo in Jesus Christus, dan sal jy vind dat jy 'n goeie boom is wat goeie vrugte van geloof dra en dat die rots van die evangelie jou staande hou in die lewe.

Sing: Psalm 18-1:1

Ds. JG van der Walt (George) (Empangeni)